# Jong pogings in demokrasie

Deur Anton Steenkamp



'n Ligte oomblik by die werkswinkel.

SKOOLKINDERS van alle rasse uit vier van Pretoria se top skole het in Januarie 'n Saterdag prysgegee om 'n werkswinkel oor demokratiese besluitneming, aangebied deur Idasa, by te woon.

Leiers van rasseverhoudings- en kontakklubs by die skole het self vir André Zaaiman, Noord-Transvaalse organiseerder van Idasa, genader om die werkswinkel aan te bied.

Die Pretoria High School for Girls het 'n klaskamer beskikbaar gestel, en sowat 100 skoliere van dié skool en van Pretoria Boys' High, St Alban's College en die Diocesan School for Girls het die werkswinkel bygewoon.

"Party van ons het mekaar al vantevore by Sayftt (South African Youth for Tomorrow Today) ontmoet, maar dit was lekker om nog nuwe vriende te maak en op 'n gemaklike manier belangrike vaardighede aan te leer," vertel Liza Stewart, een van die leerlinge wat die konferensie bygewoon het.

Liza, 'n matriekleerling van Pretoria Girls' High, was ook een van die leerlinge wat verlede jaar 'n soortgelyke werkswinkel by Thornybush, 'n kampeerterrein in die Noord-Transvaal, bygewoon het. Die idee om 'n werkswinkel vir die ander skoliere in Pretoria te reël, het by hulle ontstaan.

"Ons het 'n kontakklub by die skool, en ons het gevoel ons moet ons vaardighede om komitees te beheer en vergaderings te reël, 'n bietjie opknap. Toe het ons vir André genader, en hy het aangebied om die werkswinkel te reël," vertel Michelle Mostert, ook van Pretoria Girls' High.

"Kinders wat nie betrokke is by Sayftt nie, maar leierskapsposisies in die skool het, het ingestem om dit ook by te woon, en hulle was baie opgewonde daaroor," voeg Liza by. "Dit het ons beslis gehelp om ons vaardighede te verskerp. Ons het onder meer geleer om te luister na ander mense, wat baie belangrik is in die toekomstige Suid-Afrika. Dis iets waarop ons sal voortbou wanneer ons in die res van die jaar probeer om groter kontak met die swart skole in ons omgewing te bewerkstellig."

Die skoliere het aan die begin van die oggend 'n uur of wat gespandeer aan 'n oefening om mekaar se vertroue te wen en mekaar te leer ken. Daarna het André luister- en kommunikasietegnieke aan hulle verduidelik, wat deeglik getoets is in 'n lewendige bespreking oor die swart onderwyskrisis. Terwyl die een helfte van die leerlinge die kwessie bespreek het – sonder 'n voorsitter – het die ander helfte hulle dopgehou, en daarna kritiek gelewer op hul optrede.

Die middag is gewy aan oefeninge oor gedeelde leierskap, samewerking in groepe en gesamentlike besluitneming.

"Die blote feit dat ons na ete kon wakker bly, en dit nog geniet ook, is bewys genoeg van die sukses van die werkswinkel!" het een van die leerlinge na die tyd gesê.

Die primêre doel van die werkswinkel, sê André, was om mense bewus te maak van die ondemokratiese praktyke wat dikwels in komitees en groepe bestaan.

"Ons is in so 'n ondemokratiese omgewing grootgemaak, dat die demokratiserings-proses heeltemal 'n nuwe ondervinding is," sê hy.

Hy probeer dus deur middel van Idasa se program aan die skoliere tegnieke leer hoe om dit uit te skakel en hoe om die lede van die groep sover te kry om deel te neem en 'n bydrae te maak. Die werkswinkel sal as 'n basis dien wat opgevolg word met die ontwikkeling van praktiese vaardighede, soos hoe om doelwitte te bepaal en 'n plan van aksie vir 'n organisasie uit te werk.

Die byeenkoms by Thornybush verlede jaar, waarby heelwat meer skole betrokke was, was 'n uiters geslaagde wegspringpunt, sê André.

Die werkswinkels vorm deel van Idasa se skole-projek, wat veral in die Wes-Kaap al goed op dreef is. Afrikaanse skole in die Pretoria-omgewing, wat nog nie wou betrokke raak by die program nie, sal hopelik binnekort betrek word. Heelwat individuele leerlinge uit Afrikaanse skole het al belangstelling getoon.

"Die werkswinkel het ons gehelp om krities na onsself te kyk en ander te verstaan," se Nicola Beukes van DSG. "Die volgende stap is om hierdie soort kontak uit te brei na meer swart en Afrikaanse skole."

**Anton Steenkamp is 'n joernalis by *Vrye Weekblad*.**

## ACTORS ON THE EXTRA-PARLIAMENTARY STAGE

**A three-part series of meetings in Johannesburg Hosted by Idasa and the Wits Centre for Continuing Education during March.**

**DEMOCRATIC OPPOSITION – Tuesday March 6**

* Mass Democratic Movement (MDM)
*Mr Terror Lekota (United Democratic Front, publicity secretary)*
* Pan African Movement (PAM)
*Mr Benny Alexander (PAM, general secretary)*
* Black Consciousness Movement (BCM)
*Mr Nkosi Molala (Azanian Peoples' Organisation, president)*

**THE RIGHT WING – Tuesday March 13**

* Afrikaner Volkswag (AV)
*Professor Carel Boshoff (AV chairman)*
* Afrikaner Weerstandsbeweging (AWB)
*Professor Janice Grobbler (Department of Sociology, University of South Africa)*
* Boerestaat Party (BSP)
*Mr Robert van Tonder (BSP chairman)*

**EXILED ORGANISATIONS – Tuesday March 20**

* African National Congress (ANC)
*Mr Isu Chiba (Transvaal Indian Congress, executive member)*
* Pan African Congress (PAC)
*Speaker to be confirmed*

Venue: Room 102, Education Building, Wits West Campus.
**Time: 7.30 pm – 9.30 pm**
**Fee: R18 (R8 per session)**
**Booking is essential. Phone 716-5509/5510.**